

Tema: Gelykenis van die saaiër

Verwelkoming

5 min

Ysbreker: Wat is jou gunsteling plant/blom? Hoekom?

25 min

Vir 'n plant om te groei is water en sonskyn nodig. Wat is die water en sonskyn in jou lewe wat jou laat groei?

'n Plant het ook van tyd tot tyd 'n snoei nodig. Waar in jou lewe moet jy reggesnoei word?

Aanbidding: .

5 min

Laat iemand Psalm 144:9-15 biddend voorlees. Laat die persoon dit BAIE stadig lees terwyl die ander hulle oë toehou.

Sing Psalm 100:1 saam.

Bybelstudie: Lees Mat 13:3-23

35 min

- Watter soorte grond was daar?
- Wat het met die saad gebeur in elke soort grond?
- Watter grondsoort beskryf jou reaksie die beste die eerste keer toe jy die evangelie gehoor het?
- Hoe sal jy nou die wortelstelsel van jou geloof beskryf? Waar sou jy jouself plaas op 'n skaal van 1-10?

0-----5-----10

- Watter 3 onkruid strem jou geloofsgroei die meeste? Onthou, dit kan ook iets wees wat 'goed' is, maar jou weerhou van groei!
- Hoe kan jy die onkruid uitroei?
- Op watter manier gaan jy die evangelie (saad) versprei?
- As kleingroep, hoe gaan julle die saad versprei?

Dienswerk:

5 min

Een van die projekte van die gemeente is om mense wat swaarkry van kos te voorsien. Daarvoor het ons 'n pakhuis wat kos stoor, sowel as 'n groentetuin waar ons kos self kweek. Wat kan julle as kleingroep hiervoor doen voor julle volgende byeenkoms? (Bv elkeen bring 'n sakkie saad vir die groentetuin (vind dalk net voor die tyd uit wat hulle benodig), elkeen bring iets vir die pakhuis (kos, toiletware, komberse, klere), elkeen gee 'n addisionele geldelike bydrae vir die pakhuis.)

Gebedsriglyn:

10 min

Gee vir elkeen twee stukkies papier waarop hulle die volgende skryf: (op elke papiertjie dieselfde)

- Hulle naam
- Onkruid waaraan hulle hierdie week wil werk

- 'n Naam van iemand met wie hulle hierdie week oor die evangelie wil praat

Laat elkeen een papiertjie vir iemand anders gee (wat nie in dieselfde huis woon nie) en die ander papiertjie hou.

Gee 5 minute vir elkeen om in stilgebed hulle eie voornemens, sowel as die ander persoon s'n aan die Here op te dra.

Vra dat elkeen tot julle volgende byeenkoms elke dag vir beide papiertjies (eie en ander een s'n) bid.

Gee by julle volgende byeenkoms kans vir terugvoer

Administrasie:

5 min